# 2. DIE WES-DUITSE BONDSREPUBLIEK : 'N ALGE= MENE ORIËNTERING

## 2.1 INLEIDING

Duitsland is die land van Goethe en Schiller, van tal= lose meesterwerke op die gebied van die musiek en die kuns, en van Duits-tradisionele Kersfeesvierings.
Die Duitsers is 'n buitengewoon begaafde en werkywerige volk met 'n deeglikheid en 'n strewe na volmaaktheid wat moeilik oortref word. Dit word bewys deur die ge= halte van bydraes op die gebied van die literatuur, die filosofie, die medisyne, die kuns en die natuur= wetenskap. Gedurende die afgelope eeu het die Duitse universiteite as model vir onder andere die Amerika= ners gedien en is hulle oorstroom deur buitelandse studente wat voordeel wou trek uit die Duitse kennis en tegnologie.

Daar is egter ook 'n "ander" Duitsland - 'n land van Junkers en die Generale Staf, van Hegel, Bismarck, Krupp en Hitler. "This was a nation disciplined, highly organized, acquiescent of authority, and obses= sed with a policy of 'blood and iron'"[1] - 'n volk wat in die najaging van die droom van nasionale grootheid die wêreld in die ongeluk van twee verwoestende oor= loë gedompel het.

1) CRAMER *and* BROWNE, *op. cit.*, p. 192.

Die Duitse Bondsrepubliek (Wes-Duitsland) (BRD) be= slaan tans die westelike gedeelte van die oorspronk= like Duitse Ryk. Die naasmekaarstelling van die BRD met die Duitse Demokratiese Republiek (Oos-Duits= land) (DDR) impliseer dat Hitler se *Reich* na die Tweede Wêreldoorlog verdeel is. Dit word soms ver= geet dat, vir baie jare ná sy ontstaan, na die DDR in die Weste verwys is as *Mitteldeutschland*, 'n benaming wat 'n doelbewuste herinnering was aan die feit dat 'n derde groot gebied van die vooroorlogse Ryk, oos van die riviere Oder en Neisse, volgens die Potsdam-oor= eenkoms van 1945 onder die administrasie van Pole en die Sowjetunie geplaas is.[2)]

Dit was moeilik vir die Duitsers om hierdie driede= lige skeiding van die Ryk te aanvaar. Etlike geslag= te van Duitse skoolkinders is geleer dat die verenig= ing onder Bismarck in 1871 die hoogtepunt van die Duitse geskiedenis is. Honderd jaar later moes die verlies van die oostelike gebiede egter formeel erken word. Die gevolge van die Tweede Wêreldoorlog is be= stendig in 'n skeiding wat skyn permanent te wees.[3)]

Die geallieerde oorwinnaars van die Tweede Wêreldoor= log het dit by die kapitulasie op 8 Mei 1945 nie in gedagte gehad om die Duitse Ryk permanent te verdeel en 'n Bondsrepubliek van Wes-Duitsland tot stand te bring nie, alhoewel die landsgebied in vier sones ver= deel is: die Sowjetsone in die ooste, die Britse

2) HEARNDEN, A. *Education, culture and politics in West Ger= many*, p. 1.

3) *Loc. cit.*

PLAAT 2.1

BRITSE GEALLIEERDE TROEPE BESET BREMEN[4)]



sone in die noordweste (waarvan België en Holland in 1949 toegelaat is om enkele klein gebiede te besit), die Franse sone in die suidweste en die Amerikaanse sone in die suide. Die Rykshoofstad, Berlyn, het 'n besondere "status" beklee: dit is naamlik tussen die vier besettingsmagte verdeel.[5)]


Die oorwonne en besette Duitsland het lank bloot 'n speelbal van die oorwinnaars wat die wilsuitinge van die Duitsers skaars in ag geneem het, gebly. Die

4) BUNDESREGIERUNG (BRD). *Informationen 157. Die Entstehung der Bundesrepublik Deutschland*, April 1974, p. 5.

5) *Ibid.*, p. 4.

KAART 2.1


UITRUILING VAN MIDDELDUITSLAND - BERLYN[6]




6) BUNDESREGIERUNG (BRD). *Information 157. Die Entstehung der Bundesrepublik Deutschland*, p. 5.

KAART 2.2

DIE VERDEELDE DUITSLAND[7)]




7) BUNDESREGIERUNG (BRD). *Information 157. Die Entstehung der Bundesrepublik Deutschland*, p. 4.

sogenaamde Kontroleraad het swak gefunksioneer in so=verre dit "Duitsland as geheel" betref het. Die same=werking tussen die besettingsmagte het na 1946 vinnig afgeneem want die internasionale verskille tussen die oorlogsbondgenote onderling het groter geblyk te wees as hulle gemeenskaplike belangstelling in Duitsland.[8]

Voor die einde van November 1947 het die destydse CDU-voorsitter, Konrad Adenauer, in 'n rede voor die Soneraad in Hamburg aan die Wesmagte 'n dringende ver=soek gerig, naamlik "...nun endlich dem deutschen Volk den Wiederaufbau Deutschlands unter eigener Ver=antwortung in die Hände zu geben".[9] Die besluit tot die heropbou van die Wes-Duitse Bondsrepubliek het ge=leidelik in die spanningsveld tussen die belange van die betrokke internasionale magte uitgekristalliseer. Met die oorname van die hoogste regeringsgesag in Duitsland in Junie 1945 was die Geallieerdes dit nog met mekaar eens oor die beginsels van die besettings=politiek, wat met die vier groot D's omskryf kan word, naamlik Denazifisering,Demilitarisering, Demokratise=ring, Demontering.[10]

Die herontwaking van konstitusionele demokrasie in Duitsland het 30 jaar gelede begin toe 'n vergadering belê is met die oog op die totstandbrenging van 'n Wes-Duitse Bondsrepubliek. Noordryn-Wesfale, die grootste van die *Länder*, wou hê dat die vergadering aan die Ryn gehou moes word. Keulen was egter sô

8) *Ibid.*, p. 5.

9) *Ibid.*, p. 1.

10) *Loc. cit.*

erg deur bomme beskadig dat die afgevaardigdes nie daar gehuisves kon word nie. Daar is ook teen Karlsruhe, die geregtelike hoofstad in die suide, as vergaderplek besluit en Bonn is daarvoor aangewys. Op 1 September 1948 het die 65 lede van die parlemen= têre raad hul eerste vergadering in hierdie stad ge= hou, en nege maande later, op 23 Mei 1949, het die Konstitusie van die Federale Republiek van Wes-Duits= land van krag geword. Konrad Adenauer is tot eerste kanselier verkies.[11)]

Ondanks die feit dat min mense destyds gedink het dat die jong republiek lank staande sou bly, het die kon= stitusie die toets van die tyd deurstaan en is Wes-Duitsland tans 'n belangrike wêreldmag. Gedurende die vyftigerjare was sy ekonomiese herstel wonderbaar= lik en kon Wes-Duitsland weer 'n leidende posisie op nywerheids- en handelsgebied begin inneem. Die Wes-Duitse volk geniet vandag nog steeds die voorreg van 'n parlementêre demokrasie, vryheid van die pers en 'n onafhanklike regsbank. Wes-Duitsland is reeds die vierde grootste ekonomiese moondheid in terme van bruto volksproduk en die tweede grootste handelsland in die wêreld. Die *Deutsche Mark* (DM) is die sta= bielste geldeenheid. Hierbenewens word Wes-Duits= land geleidelik van sy historiese las bevry en raak al hoe minder 'n politieke agterryer.[12)] Sy ekonomiese mag bring gesag, en die land is ook besig om sy sta=


11) ANON. So het Duitsland weer opgestaan uit die oorlogspuin. *Oggendblad*, 25 Oktober 1973.

12) ANON. Suid-Afrika verbaas die Duitsers. *Rapport*, 1 April 1974, p. 10.

PLAAT 2.2 GRONDWET VIR DIE NUWE WES-DUITSE BONDSREPUBLIEK, ONDERTEKEN OP 23 MEI 1949[13)]

Der Parlamentarische Rat hat das vorstehende Grundgesetz für die Bundesrepublik Deutschland in öffentlicher Sitzung am 8. Mai des Jahres Eintausendneunhundertneunundvierzig mit dreiundfünfzig gegen zwölf Stimmen beschlossen. Zu Urkunde dessen haben sämtliche Mitglieder des Parlamentarischen Rates die vorliegende Urschrift des Grundgesetzes eigenhändig unterzeichnet.


BONN AM RHEIN, den 23. Mai des Jahres Eintausendneunhundertneunundvierzig.



PRÄSIDENT DES PARLAMENTARISCHEN RATES



I. VIZEPRÄSIDENT DES PARLAMENTARISCHEN RATES



II. VIZEPRÄSIDENT DES PARLAMENTARISCHEN RATES

13) BUNDESREGIERUNG (BRD). *Informationen 157*, *op. cit.*, p. 28.

tus onder die volke te herwin. In hierdie dekade sal die BRD hom laat geld in die wêreldpolitiek en ook vir Suid-Afrika 'n sleutelland wees: Wes-Duits=land se houding teenoor die RSA sal groot invloed uitoefen.

In die Oostelike blok is die Kommunistiese Oos-Duitse staat die florerendste en tans nog meer as ooit te=vore onbereikbaar agter sy "mure" van mynvelde en doringdraad. Die twee Duitse state, naamlik die Wes-Duitse Bondsrepubliek (BRD) en die Duitse Demo=kratiese Republiek (DDR), bly lugtig vir mekaar uit vrees vir wedersydse ideologiese beïnvloeding. Dit sal derhalwe goed wees om hierdie "voorpos-mentali=teit", veral in Berlyn, in gedagte te hou wanneer die onderwysinstansies in Wes-Duitsland bespreek word.[14]

## 2.2 DIE LAND EN SY BEVOLKING

### 2.2.1 Die *Länder* van die Bondsrepubliek

Alhoewel die geallieerde magte aan die begin van die besettingstyd op verskillende maniere uit hul pad ge=gaan het om die ontwikkeling van die onderwys in hul onderskeie sones te verbeter, het hulle gaandeweg aanvaar dat hierdie terrein aan die Duitsers self oor=gelaat moet word. Aanvanklik is invloedryke en leidende Duitsers in die herorganisasie van die skole betrek en later is wetgewende regte op onderwysterrein

14) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 1.

aan provinsiale rade toegestaan. Dit het aanleiding gegee tot die herstel van die tradisie van geweste=like, streeksverantwoordelike gedesentraliseerde ge=sag as reaksie op die sentralisasie wat gedurende die Derde Ryk ingevoer is en so 'n bitter smaak nagelaat het. Toe die Bondsregering in 1949 tot stand gekom het, het die grondwet hierdie tradisie bestendig deur onderwyswetgewing oor te laat aan die individuele *Länder*. Dit sal dus gepas wees om op hierdie stadium 'n kort oorsig oor hierdie samestellende dele van die Bondsrepubliek te gee.[15] (Vergelyk in hierdie ver=band Kaart 2.3, p. 46 en tabel 2.1, p. 55.)


By die totstandkoming van die Bondsrepubliek in 1949 is daardie gebiede wat onmiddellik na die oorlog deur die Westerse geallieerdes, naamlik die VSA, Brittanje en Frankryk, geadministreer is, gegroepeer om elf samestellende state (sogenaamde *Länder*) te vorm wat elk oor outonome wetgewingsmag beskik het. Hierdie *Länder* vorm nie 'n unie nie, maar 'n federasie, dit wil sê 'n statebond waarby die saamwerkende state groot mag behou. Art. 29(1) van die Grondwet (GG) maak dit die taak van die federale wetgewing om die federale grondgebied in *Länder* te omskep wat deur hul grootte en finansiële vermoë in staat sal wees om selfonder=houdend te wees.[16] Alle wetgewing (ook onderwys=wetgewing) moes nou verband hou met gewestelike be=lange, historiese en kulturele verbintenisse, ekono=

15) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 5.

16) SCHÄFER, F. Aspects of the federal system of the Federal Republic of Germany. *Sonderdienst 3-75(e)*, p. 1.

KAART 2.3

DIE AFSONDERLIKE *LÄNDER* VAN DIE WES-DUITSE BONDSREPUBLIEK[17]




17) **BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt.** ***Statistisches Jahrbuch 1977*****, p. 19.**

miese doelmatigheid en sosiale strukture. "We there= fore have here the case of a nation giving itself a constitution and, motivated certainly by its own his= tory and by the demands of the occupying powers, choosing a federal system, a system, that is, in which, alongside the organs of the Federation, there exist organs of the *Länder* which are neither in authority over nor subordinate to the Federation, but on an equal footing."[18] Die *Länder* is vry om hul eie konstitusies en kieswette aan te neem met dien ver= stande dat die beginsels wat in die grondwet neerge= lê is, eerbiedig word. Elke *Land* hou ook sy eie par= lementsverkiesing, 'n gebied waarop die Federale Bonds= regering geen sê het nie.

Volgens statistiek[19] is die Bondsrepubliek in 1977 ingedeel in 11 *Länder*, 29 regerings-(beheer-)distrikte, 339 streke en 10 412 munisipaliteite. Die streke word verdeel in 93 streekvrye *stede* en 246 *land*streke. Die *Länder* Hamburg, Bremen (2 munisipaliteite) en Wes-Berlyn, sowel as die "streekvrye" stede en be= woonde "munisipaliteitvrye" gebiede, met die uitson= dering van dié wat in Beiere geleë is, word ook as munisipaliteite gereken.

Die kleinste *Land* is Bremen wat bestaan uit die stede Bremen en Bremerhaven sowel as die onmiddellik om= ringende area. Die ander stadstaat, Hamburg, is

18) SCHÄFER, *op. cit.*, p. 2.

19) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 48.

Wes-Duitsland se grootste hawe en handelsentrum. Dit het 'n onafhanklike tradisie wat spruit uit sy lidmaat=skap van die Middeleeuse "Hanse-verbond". Die noor=delikste *Land* is Schleswig-Holstein waarvan die grense ook dele van die Noordsee- en die Baltiese kus insluit en wat grens aan Denemarke. Dit is tradisioneel grootliks van landbou afhanklik maar beskik ook oor belangrike skeepsentra om die hoofstad Kiel, asook in Lübeck en Flensburg. Die nywerheidwese van Schleswig-Holstein het ook baie uitgebrei. Ná die oorlog was die aandrang op verandering van die onderwysstelsel in hierdie drie noordelike *Länder* die sterkste.[20)]

Naas Hamburg en Schleswig-Holstein beslaan die Britse besettingsone ook die twee groot *Länder* Noordryn-Wesfale en Nedersakse. Die uitgebreide nywerheids=kompleks van die Ruhr vorm die hart van eersgenoemde en is as't ware die kragsentrale van die ongelooflike ekonomiese herstel van die BRD. Die opeenhoping van groot stede soos Keulen, Essen, Düsseldorf (die hoof=stad) en die federale hoofstad (Bonn) is daarvoor ver=antwoordelik dat Noordryn-Wesfale die digsbevolkte *Land* met ongeveer 17 miljoen inwoners is, ongeveer soveel as die totale bevolking van die DDR. Suid van die nywerheidsgebiede lê die ryk landbougrond van die laer Rynvallei en die vlaktes van Wesfale. Nedersak=se, die tweede grootste *Land*, strek vanaf die grens met die DDR in die ooste tot aan die Nederlandse grens in die weste. Dit is saamgestel uit wat vroeër 'n aantal afsonderlike provinsies was. Die huidige

20) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 6.

hoofstad, Hannover, is na een van hierdie provinsies vernoem. Vanselfsprekend het baie vlugtelinge uit die ooste hierdie *Land* binnegestroom. Slegs Schles=wig-Holstein moes in verhouding meer vlugtelinge huis=ves.[21)]

Benewens Bremen sluit die *Länder* wat deur die Ameri=kaners geadministreer word ook nog Hessen, Beiere en 'n gedeelte van wat tans Baden-Württemberg is, in. Hessen is geleë in die hart van Duitsland en het uit=gestrekte woude met skilderagtige Middeleeuse dorpies. Wiesbaden is die hoofstad daarvan. Ook Frankfurt, een van Duitsland se primêre nywerheids-, handels- en kommunikasiesentra, is in Hessen geleë. Na die Tweede Wêreldoorlog het politieke bedrywighede in hier=die land 'n redelik radikale karakter aangeneem met die SPD (Sosialistiese Party van Duitsland) se sterk verteenwoordiging in die Raad. Hierdie situasie is weerspieël in die pogings om die skolestelsel op meer gelykmakende beginsels as voorheen te herorganiseer. Die vermeerdering van die aantal komprehensiewe skole is 'n huidige eienskap van die onderwys in Hessen.[22)]

Alhoewel Hessen nog nie as "rooi" bestempel kan word nie, is die etiket "meer progressief" tog regverdig=baar. Hessen was byvoorbeeld in die laat vyftiger=jare die eerste om ouerseggenskap en -verteenwoordig=ing suksesvol deur die Federale Konstitusionele Hof in Karlsruhe te loods. Dieselfde hof het ook guns=tige uitspraak in 1972 ten opsigte van die *Förderstufe*

21) *Loc. cit.*

22) *Ibid.*, p. 7.

('n oriënteringsfase in die vyfde en sesde skooljaar) gelewer. Hierdie aksie is onmiddellik weer opgevolg deur 'n nog luidrugtiger konfrontasie met die owerhede betreffende 'n hersiene algemene curriculum.[23)]

'n Teenoorgestelde tradisie van konserwatisme is weer kenmerkend van Beiere, wat grondgebied betref die grootste *Land* (een-derde van die oppervlakte van die totale Bondsrepubliek). Sy reputasie van onafhank= likheid (indien nie volslae onversetlikheid nie) is gewortel in die lang geskiedenis van 'n streek wat nouliks deur die Reformasie beïnvloed is. Ongeveer driekwart van die bevolking is Rooms-Katoliek, 'n fak= tor wat politieke strukture in 'n groot mate beïnvloed het. Dit wil egter voorkom of München, die hoofstad, wat kosmopolities van aard en die mekka van die onkon= vensionele is, die tradisionele karakter van die *Land* verloën. Die skoonheid van die natuur maak Beiere die gewildste toeristegebied in die Bondsrepubliek.[24)]

Wat aanloklikheid vir toeriste betref, staan Baden-Württemberg nie ver agter nie. Die Swartwoud, die Swabiese Jura en die ou universiteitstede Heidelberg, Tübingen en Freiburg dra hiertoe by. Daar is ook nog universiteite in die hoofstad, Stuttgart, in Karlsruhe, Mannheim, Hohenheim, Ulm en Konstanz. Baden-Württemberg is dus wat universitêre opleiding betref, die beste van al die *Länder* voorsien. Tans neem hierdie *Land* ook die tweede plek in (naas Noord=

23) BEATTIE, *op. cit.*, p. 18.

24) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 7.

ryn-Wesfale) op die gebied van ekonomiese ontwikke= ling. Die politieke tradisie, met die CDU (Christe= like Demokratiese Unie) as die sterkste party, is nog steeds konserwatief en ook in die onderwys neem die regeerders ŉ versigtige houding in ten opsigte van eksperimente en veranderinge.[25)]

Ten weste van die Ryn lê Rynland-Pfalz wat saam met dele van Baden-Württemberg die Franse sone tydens die besetting gevorm het. Mainz is die hoofstad van hier= die hoofsaaklik wingerdryke deel wat net soos Beiere ŉ oorheersend Rooms-Katolieke bevolking het en die= selfde soort konserwatisme openbaar. Aan die weste= like grens van die Bondsrepubliek (maar verder suid) is die Saar, ŉ klein maar ryk nywerheidstreek wat in 1957 deel van die Bondsrepubliek geword het.[26)]

Berlyn, die hoofstad van die ou Ryk, is na die oorlog onder die gesamentlike administrasie van die vier geal= lieerde moondhede geplaas en het as ontmoetingsplek vir die Ooste en Weste gedien totdat die muur in 1961 opgerig is. Tans is die voormalige Russiese sektor van die stad die hoofstad van die DDR, terwyl die orige sektore Wes-Berlyn vorm. Die wetlike status van Berlyn het tot vandag toe nie verander nie - dit val nog onder besettingswetgewing. Dit beteken dat die bevolking nie verteenwoordigers regstreeks vir die *Bundestag* (Bondsparlement) verkies nie; die Ber= lynse Huis van Verteenwoordigers verkies 22 afgevaar=

25) *Loc. cit.*

26) *Loc. cit.*

digdes wat nie volle stemreg in die *Bundestag* geniet nie. Hulle is dus nie daarop geregtig om deel te neem aan die verkiesing van die Bondskanselier nie en mag ook nie oor wetsontwerpe stem nie. Berlyn word verteenwoordig in die *Bundesrat* (Hoërhuis) maar sy verteenwoordigers mag ook hier nie oor wetsontwerpe stem nie. Wette wat deur die federale wetgewende liggaam gepromulgeer word, is nie direk op Berlyn van toepassing nie maar moet eers deur die Berlynse Parle= ment, die Huis van Verteenwoordigers, aanvaar word.[27)]

Vir praktiese doeleindes vorm Wes-Berlyn deel van die Bondsrepubliek, maar sy beleërde posisie het dit moei= lik gemaak om nuwe nywerhede te lok en sodoende 'n selfonderhoudende ekonomie op te bou. Die skolestel= sel het heelwat kenmerke oorgehou van die radikale verandering wat gedurende die tydperk van die vier-magte-beheer ingevoer is.

### 2.2.2 Die bevolking

Wes-Duitsland is die hartland van Europa en het meer bure as enige ander land ter wêreld, gevolglik het die Duitsers baie kontak met en begrip vir ander volke en hul probleme. Onder die Duitsers bestaan daar geen neiging tot meerderwaardigheid en sedelike oor= deel wat soms by ander volke (soos die Amerikaners, Britte en Swede) aangetref word nie. Debatte oor Bangladesj, Biafra of Burundi is ondenkbaar in die Duitse *Bundestag*.

27) SCHÄFER, *op. cit.*, p. 2.

Afgesien van 'n Deense bevolkingsgroepie in die noorde=like grensgebied van Schleswig-Holstein is daar in die Bondsrepubliek geen nasionale minderheid nie. Tans word daar egter probleme met die skoolonderrig van die steeds toestromende gasarbeiders (meestal Italianers, Spanjaarde, Joegoslawe en Turke) onder=vind. Hierdie kinders is skoolpligtig in alle *Länder* van die Bondrepubliek. Waar moontlik, word benewens moedertaalonderwys ook onder=rig in Vaderlandse Geskiedenis en Aardrykskunde aan die kinders van buitelanders deur hul eie onderwysers gegee. Die onderrigkoste word deur die Bondsregering gedra. Ongeletterdheid is onbekend.[28)]


Die persentasie bevolkingstoename het sedert 1970 ge=leidelik verminder, 'n tendens wat in die meeste Euro=pese lande voorkom. In 1975 was daar in die BRD 'n bevolkingsafname van meer as 300 000. Sterfgevalle het vir die eerste keer sedert 1950 die geboortes oor=skry (vergelyk figuur 2.1).

Die bevolking van die Bondsrepubliek het op 31 Desem=ber 1976 op 61 442 000 te staan gekom. Die nywer=heidsgebiede aan die Ruhr het van Noordryn-Wesfale, wat die derde grootste *Land* is, die digsbevolkte *Land* gemaak. Dit het bykans twee keer soveel inwoners as Beiere wat in landsoppervlakte dubbeld so groot is. Tabel 2.1 (p. 55) toon die verhouding tussen die landsoppervlakte in vierkante kilometer en die bevol=king aan.

28) **SCHULTZE, W.** *und* **FÜHR, C.** *Das Schulwesen in der Bundes=republik Deutschland,* p. 4.

FIGUUR 2.1

BEVOLKINGSAMESTELLING[29)]




29) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 69.

TABEL 2.1

OPPERVLAKTE VAN DIE AFSONDERLIKE *LÄNDER* EN DIE INWONERTAL [30)]

| | Oppervlakte in vk. km. | Bevolking (Des. 1976) in 1 000 |
|---|---|---|
| 1. Baden-Württemberg | 35 749,60 | 9 119 |
| 2. Beiere | 70 546,92 | 10 804 |
| 3. Berlyn | 480,08 | 1 951 |
| 4. Bremen | 403,77 | 710 |
| 5. Hamburg | 753,15 | 1 699 |
| 6. Hessen | 21 110,66 | 5 538 |
| 7. Nedersakse | 47 407,59 | 7 227 |
| 8. Noordryn-Wesfale | 34 044,14 | 17 076 |
| 9. Rynland-Pfalz | 19 837,68 | 3 649 |
| 10. Saarland | 2 567,52 | 1 089 |
| 11. Schleswig-Holstein | 15 675,84 | 2 583 |
| Bondsrepubliek | 248 576,95 | 61 442 |

### 2.2.3 Diversiteit met betrekking tot geloofsoor= tuigings

Benewens die politieke tweedeling van die BRD is die land konfessioneel ook verdeel tussen twee groot kerke, verskeie ander kleiner kerklike groepe en kerkloses. Die skeiding tussen Katolieke en Protestante is egter die belangrikste, want dit raak naamlik die onderwys veral waar dit onderwyshervormings aangaan. Die Kato=

30) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, pp. 50 - 51.

lieke is konserwatiewer, versigtiger, meer behoudend en tradisievas. Beiere is hiervan 'n goeie voorbeeld.

Gedurende die tyd van die Nasionaal-Sosialiste (onge= veer 1933-1945) het die kerke nader aan mekaar beweeg en tans is die verhouding van die groot kerke, naamlik Rooms-Katoliek en Luthers (wat vroeër 2:1 was) bykans gelykop.[31] Vergelyk in hierdie geval kaart 2.4, p. 57 en tabel 2.2, p. 61.


Die konfessionele (kerklike) verhoudings in Duitsland dra nog steeds die stempel van die Hervorming. Toe daar met die Augsburgse Geloofsvrede (1555) en met die Vrede van Wesfale (1648) ná die Dertigjarige Oor= log aan die Katolieke, Lutherse en Gereformeerde Kerke openlik wetlike erkenning verleen is, is daar= mee ook 'n beginsel aanvaar dat die onderdane van 'n bepaalde gebied die kerkverband van die betrokke land= heer sou navolg. As hulle dit nie wou doen nie, moes hulle uitwyk. Omdat daar destyds in die Duitse Ryk geen sterk sentrale gesag bestaan het nie, maar 'n groot aantal gebiede, elkeen met sy eie plaaslike gesag, het die kerklike verband dikwels van dorp tot dorp of stad tot stad gewissel na gelang van die oor= tuigings van die landheer wat die plaaslike gesags= draer was. Eers baie later het die verskynsel ont= staan dat (byvoorbeeld) 'n Katolieke gemeente binne 'n evangeliese gebied gestig is (of andersom).[32]

31) KÖPKE, *op. cit.*, p. 257.

32) *Ibid.*, p. 258.

KAART 2.4

OORSIGKAART OM DIE VERHOUDINGS TUSSEN DIE VER= SKILLENDE KERKE (EN KERKLOSES) AAN TE DUI SOOS IN 1965[33]




33) KÖPKE, *op. cit.*, p. 259.

In die loop van die 19de eeu is daar as gevolg van herlewingsbewegings uit Engeland en Noord-Amerika gemeentes van die Baptiste en Metodiste as vrye kerk=like gemeentes in die lewe geroep. Hulle het 'n nuwe element in die Duitse kerklike lewe ingedra want die gemeentes het hulle ontstaan te danke gehad aan die vrywillige besluit van hul lidmate om juis aan daar=die spesifieke gemeente te behoort. Alhoewel die Baptiste en Metodiste tans nog geduld word, ontvang hulle geen finansiële staatsondersteuning nie. Die salarisse van die pastore sowel as die oprigting en instandhouding van die geboue word uit eie fondse gefinansier.

Verskeie evangeliese landskerke het sedert 1918 kontak met mekaar gesoek en prakties begin saamwerk - 'n proses wat deur die Nasionaal-Sosialiste onderdruk is. 'n Poging om 'n Duitse Rykskerk deur die tussenkoms en bemiddeling van die staat in die lewe te roep het eg=ter gefaal.[34]

Eers ná die Tweede Wêreldoorlog het die huidige vorm van *die Evangelische Kirche in Deutschland* sy beslag gekry. Dit is nie net uniek in die Westerse wêreld nie maar ook baie magtig. Ten eerste is daarin ge=slaag om byna al die Protestantse kerke in Duitsland bymekaar te bring en te verenig. Die *Evangelische Kirche* praat dus met één stem - iets wat ongekend is in ander lande. Die *Evangelische Kirche* is finan=sieel ook buitengewoon sterk weens die stelsel waarvol=

34) *Ibid.*, p. 260.

gens die staat 'n kerkbelasting hef (10 persent van die betaalbare individuele belasting) wat outomaties aan die kerke oorbetaal word. Die *Evangelische Kirche* het ook die voordeel dat sy teoloë intellektueel baie sterk is en wêreldberoemd is. Die *Evangelische* kweekskool is van die beste in Europa.[35]

Duitsland is dank verskuldig aan die kerke van die Hervorming vir die vinnige vooruitgang wat gemaak is in die rigting van 'n herstrukturering van sy skole= stelsel, veral wat die elementêre (primêre) fase be= tref. As gevolg van sy religieuse "kleur" (as ge= volg van die aanbieding van Godsdiensonderrig as ver= pligte vak) het hierdie vlak naamlik 'n instrument geword vir die bewaring en propagering van die Chris= telike geloof, afhangende van die verskil in konfes= sionele (kerklike of sektariese) karakter. In oor= eenstemming met die kerkverbandelike karakter van 'n klein groepie elementêre skole bestaan daar ook 'n vorm van onderwysersopleiding wat kerkverbandelik ge= oriënteer is maar die getalle van hierdie inrigtings is net so min soos dié van die suiwer sekondêre alge= mene en tegniese skole met 'n spesifieke kerkverband.[36] Die waarde en bestaansreg van sodanige "sektariese" skole word sterk betwis en die enigste oplossing skyn te wees om hierdie skole tot "private" skole te verklaar.

35) ANON. Suid-Afrika verbaas die Duitsers. *Rapport*, 1 April 1974, p. 10.

36) UNESCO, *op. cit.*, p. 134.

Die aard van Godsdiensonderrig verskil aansienlik van *Land* tot *Land*. In sterk Rooms-Katolieke gebiede, soos byvoorbeeld in Beiere en Rynland-Pfalz, het kon= fessionele of kerkskole bly voortbestaan. Die sen= trale en suid-westelike gedeeltes van die Bondsrepub= liek is meer ten gunste van inter-konfessionele klasse in alle vakke, uitgesonderd Godsdiensonderrig. Die invloei van miljoene vlugtelinge sedert die oorlog het 'n merkbare invloed gehad op die godsdienstige patroon van die bevolking, met die gevolg dat geen *Land* tans so 'n religieuse eenheid van die bevolking vertoon soos voor die oorlog nie. Kerkskole versus inter-kerk= skole het in verskeie *Länder* 'n geskilpunt geword en selfs in sekere gemeenskappe aanleiding tot fragmente= ring van skoolbedrywighede gegee. Dit wil ook nie voorkom of daar oor hierdie omstrede saak gou eenstem= migheid bereik sal word nie.[37)]

'n Ontleding van die gegewens in die onderstaande tabelle (2.2 en 2.3) blyk nuttig te wees by die bestu= dering van die Wes-Duitse onderwysstelsel, veral waar onderwyshervormings ter sprake kom.

Uit tabel 2.3 blyk dit dat die verhouding van Evange= liese tot Rooms-Katolieke kerklidmate 49:44,6 is - bykans 'n gelyke verdeling. Tabel 2.2 toon dat die suidelike (en en suid-westelike) *Länder* oorwegend Katoliek en die noordelike (en noord-oostelike) *Län= der* oorwegend Evangelies is. Hierdie verdeling het, soos later in hoofstuk 6 duidelik sal word, 'n sterk

37) RELLER *and* MORPHET, *op. cit.*, p. 44.

TABEL 2.2

PERSENTASIEVERDELING TUSSEN KERKE VOLGENS *LÄNDER*[38)]

| LAND | EVANGELIES | ROOMS-KATOLIEK | ANDER |
|---|---|---|---|
| Baden-Württemberg | 47,6 | 47,5 | 4,9 |
| Beiere | 26,3 | 71,3 | 2,4 |
| Berlyn | 73,2 | 11,2 | 15,6 |
| Bremen | 83,2 | 11,0 | 5,8 |
| Hamburg | 76,6 | 7,4 | 16,0 |
| Hessen | 62,5 | 32,1 | 5,4 |
| Nedersakse | 77,3 | 18,8 | 3,9 |
| Noordryn-Wesfale | 41,8 | 52,4 | 5,8 |
| Rynland-Pfalz | 41,9 | 56,2 | 1,9 |
| Saarland | 25,3 | 73,4 | 1,3 |
| Schleswig-Holstein | 88,0 | 6,0 | 6,0 |

TABEL 2.3

PERSENTASIEVERHOUDING TUSSEN KERKE VIR DIE BONDS=GEBIED AS GEHEEL[39)]

| KERKE | PERSENTASIE |
|---|---|
| Evangeliese Landskerke en ander evangeliese kerke | 47,0 |
| Vrye evangeliese kerke | 2,0 |
| Rooms-Katolieke kerke | 44,6 |
| Ander Christelike kerke of gemeenskappe | 1,1 |
| Joodse geloofsgemeenskappe | 0,1 |
| Ander geloofsgemeenskappe | 1,3 |
| Kerkloses | 3,9 |

38) BUNDESREGIERUNG (BRD). *Bildungsbericht '70. Die bildungs=politische Konseption der Bundesregierung*, pp. 214 - 224.

39) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 62.

invloed op na-oorlogse onderwyshervormings gehad. Die mees radikale onderwyshervormings het telkens in die noordelike, oorheersend evangeliese *Länder*, ont=staan en is daarvandaan na die meer konserwatiewe suidelike *Länder* oorgedra.

## 2.3 SAMEVATTING

Wes-Duitsland is na die Tweede Wêreldoorlog in vier sones wat onder toesig van die vier oorwinnaars ge=plaas is, verdeel. Die oorlog het gevolglik tot die skeiding in Wes- en Oos-Duitsland gelei van die eens magtige Duitse Ryk.

Eers sowat vier jaar later, op 25 Mei 1949, het Wes-Duitsland staatkundig uit die puinhoop opgestaan toe die Grondwet van die Wes-Duitse Bondsrepubliek (BRD) van krag geword het. Die Republiek, bestaande uit elf *Länder*, met Bonn as hoofstad en onder leiding van sy eerste en merkwaardige kanselier, Konrad Adenauer, het in die laat veertiger- en veral in die vyftiger=jare 'n buitengewone ekonomiese herstel vertoon om binne die bestek van twee dekades op nywerheids- en handels=gebied weer 'n prominente posisie in die wêreld te be=klee.

Die na-oorlogse onderwyswetgewing is in 'n groot mate aan die individuele *Länder* self oorgelaat. Ook op hierdie terrein is merkwaardige herstel vertoon. So, byvoorbeeld, is ongeletterdheid in Wes-Duitsland (selfs met sy ongeveer 2,5 miljoen gasarbeiders) heeltemal onbekend.

Aangesien Wes-Duitsland denominasioneel hoofsaaklik tussen die Rooms-Katolieke en Evangeliese Kerke ver=deel is, word die onderwyswetgewing, -beplanning en -uitvoering op deurslaggewende wyse deur dié twee kerkgroepe beïnvloed. Dit blyk veral uit die aanbieding van Godsdiensonderrig wat van *Land* tot *Land* verskil.

Dit is die oogmerk om nou, na die staatkundig-ekono=miese en kerklike oorsig in hierdie hoofstuk, in die volgende hoofstuk ook die ontwikkeling van die onder=wys in Wes-Duitsland vanaf die Middeleeue tot die sewentigerjare in oënskou te neem alvorens die huidige onderwysstelsel in 'n latere hoofstuk bespreek kan word.